

Wat ouers moet weet oor KI en hul kind se leerproses

Ons leef in 'n era waar inligting met die klik van 'n knoppie tot ons beskikbaar is. Nou, met die koms van Kunsmatige Intelligensie (KI), is dit nóg makliker, want KI doen ook die sifting en verpak die inligting mooi-tjies vir ons. Maar wat beteken dit vir die leerproses?

Tasneem van Rooyen gesels met kenners.

KI (kunsmatige intelligensie) het die wêreld aan die gons – op sosiale media, by universiteite en in die korporatiewe wêreld. Dit is ongetwyfeld hier om te bly. Wat moet jy as die ouer van 'n skool-kind hieroor weet?

Wat is KI?

Niall McNulty, die produksie-leer van KI by Cambridge University Press & Assessment in Suid-Afrika, sê KI is soos 'n gesofistikeerde rekenaarprogram wat van inligting kan leer, soortgelyk aan hoe mense uit ervaring leer.

"Dink daaraan as 'n stuk digitale toerusting wat patrone kan herken, voorspellings kan maak en nuwe inhoud kan skep gebaseer op wat dit geleer het.

"Byvoorbeeld, net soos 'n kind leer om katte te herken deur baie foto's van katte te sien, kan KI leer om beelde te identifiseer nadat dit duisende voorbeelde ontlee het. Of, soos 'n student wat leer om opstelle te skryf deur voorbeelde te bestudeer, kan KI leer om tekste te genereer deur groot hoeveelhede geskrewe tekste te ontlee."

Hy sê die sleutelverskil is dat KI presiese wiskundige reëls volg eerder as om 'n werklike begrip of bewustheid te hê. Dit is belangrik vir ouers om te weet dat KI 'n hulpmiddel is wat leer en produktiwiteit kan ondersteun wanneer dit verantwoordelik gebruik word, soortgelyk aan hoe sakrekenaars en rekenaars aanvaarde opvoedkundige instrumente geword het, sê hy.

Volgens Anne Verhoef, direkteur by die NWU Artificial Intelligence Hub, het die ontwikkeling van KI (AI in Engels) geweldig versnel vandat ChatGPT op 30 November 2022 in gebruik geneem is.

Sedertdien het daar verskeie

opgraderings plaasgevind. ChatGPT-4 is nou die betaalweergawe, en verskeie ander soortgelyke KI-toepassings (onder meer Gemini, Co-Pilot, Claude, Perplexity, Meta) is deur ander maatskappye bekend gestel.

"Hierdie soort KI word beskryf as 'groot taalmodelle' (LLM, of *large language models*) want dit ontlee massas inligting (soos taalgebruik op sosiale media) en data (wiskundig, visueel, outdief, asook rekenaarkodes) en vind dan sekere patrone daarin wat gebruik kan word om baie meer persoonlike en menslike antwoorde op vrae te gee."

Hy sê die antwoorde is egter altyd gebaseer op die datastel waarop die KI-app funksioneer en daarom kan daar somtyds hallusinasies en vooroordele (byvoorbeeld wat ras en geslag betref) en ander foute voor. Dit is egter opvallend hoe vinnig KI verbeter en al minder van hierdie foute maak.

Wees op die uitkyk hiervoor Terwyl KI 'n kragtige hulpmiddel kan wees, moet leerlinge en studente bewus wees van potensiele slaggame, maan McNulty.

"Die grootste risiko is om te veel op KI staat te maak sonder om kritiese denkvaardighede te ontwikkel. Leerlinge mag ook deur die versoeking verlei word om KI-generende inhoud te aanvaar sonder om dit te verifieer, maar dit is noodsaaklik om te onthou dat KI wel foute kan begaan of verkeerde inligting kan verskaf."

Verder kan KI-stelsels woens hul opleidingsdata ook vooroordele hê. Dus moet jong mense leer om die antwoorde wat hulle ontvang, te evalueer en te bevraagteken. Dit is deel van KI-geletterdheid.

Kortom, die doel moet wees

om KI te gebruik as 'n ondersteuningsinstrument, nie as vervanging vir leer en begrip nie, meen hy.

KI kan byvoorbeeld help met opsommings, met die verduideliking van materiaal (deur sketse, video, klankgrepe), met tutoriale (stap-vir-stap instruksies vir wiskunde byvoorbeeld), en met die opstel van persoonlike studieskemas.

"Daar is egter onetiese en onverantwoordelike gebruik van KI waarteen leerlinge moet waak. Dit is byvoorbeeld oneties om opstelle te skryf met KI en dit dan in te gee asof dit jou eie werk is. Die onverantwoordelike gebruik van KI sluit in om die KI se vooroordele (soos rassisme en seksisme) wat as antwoord gegee word, as korrek te aanvaar.

"Verdere navorsing en verbeterde formulering is altyd nodig."


Sê gebruik jy dit tot jou voordeel wanneer jy studeer Verhoef sê die goue reël om te onthou is dat jy as matrykulant sonder die hulp van KI aan die einde van die jaar eksamen moet gaan skryf.

"In jou gebruik van KI moet jy dus heeltyd vra of jy die werk self verstaan, of jy die wiskunde self kan doen, of jy die kennis wat jy opdoen integreer (jou eie maak) en dit kan toepas."

Die gevaar is dat 'n mens te afhanklik raak van die gebruik van KI en dat jy later nie meer basiese vakkennis het nie, en ook nie meer kan oordeel of KI 'n goeie antwoord gee of nie.

KI moet dus net as 'n hulpmiddel gesien word om jou te help voorberei vir eksamens waar jou eie kennis getoets gaan word, meen hy.

McNulty sê KI kan 'n waarde-



Sedert KI bekendgestel is, het dit verbeter deur leerpatrone te herken, kritiese denke te ondersteun, en tradisionele metodes vir gebalanseerde opvoeding aan te vul. Foto: GETTY IMAGES

volle studiegenoot wees wanneer dit strategies gebruik word. Leerlinge moet aan KI dink as 'n interaktiewe leermeester wat deur oefenvrae en verduidelik-

kings leer kan help verryk. "Byvoorbeeld, hulle kan KI vra om hulle te toets oor spesifieke onderwerpe uit die kurrikulum, konsepte te verduidelik

wat hulle moeilik vind, en areas waar hulle meer oefening nodig het, te identifiseer," sê McNulty. "Die sleutel is om KI aktief te gebruik – nie net om antwoorde

te kry nie, maar om begrip deur dialoog en oefening te verdiep. Verifieer dus altyd KI-genererde inligting teenoor handboeke en klas materiaal."

Verbeter jou tydsbestuur met KI

KI kan studiesessies en tydsbestuur verbeter deur buigsame, vraggedrewe ondersteuning te bied wat tradisionele leermetodes aanvul, sê McNulty. "Leerlinge kan KI in hul studieroetine integreer deur af te wissel tussen handboeke en KI-geleide oefensessies.

"Hierdie benadering benut bewese leertegnieke soos verspreide herhaling, waar studente die materiaal met strategiese tussenposes hersien."

KI kan help om kennisgapinge te identifiseer en doelgerigte oefening te verskaf, wat die studietyd meer produktief

maak. Die doel is om 'n gebalanseerde leerbenedering te skep wat tradisionele materiaal se struktuur met KI se interaktiewe vermoëns kombineer.

Verhoef sê ook daar is verskeie KI-toepassings wat jou binne sekondes kan help om 'n studierooster, sowel as 'n tyd-

skedule op te stel om jou tyd beter te bestuur.

"Toets die KI-apps en begin met die vraag (in Engels meestal): Kan jy my help om 'n tydskedule en studierooster op te stel? Jy sal verbaas wees wanneer goeie antwoorde die KI-toepassings bied," sê Verhoef.